**Skrifgedeeltes:** Johannes 19:28-37
**Teksverse:** Johannes 19:30a
**Tema:** Jesus se gebede: Jesus het alles volbring!

Jesus het aan die kruis tot sy Vader gebid: Dit is volbring! Dit was Jesus se voorlaaste woord aan die kruis voordat Hy sy laaste asem uitgeblaas het. Dit was geen versugting van sy kant nie, maar 'n uitroep van triomfantlike oorwinning! In Grieks is dit net 'n enkele woord: *Tetelestai*, maar in betekenis aangrypend ryk. Wanneer Jesus hierdie woord uitroep, dan verklaar Hy dat Hy ten volle betaal het vir al ons sonde. Jy is vry van skuld. Jou sondes is vergewe want Jesus het met sy bloed daarvoor betaal. Hy het die skuldbrief teen ons uitgedelg deur dit aan die kruis vas te nael (Kol. 2:14). Jy hoef nie meer vir God bang te wees nie. Aanvaar Jesus se betaling van jou sonde en leef met dankbare oorgawe vir jou HERE! In die Woordverkondiging staan ons vir 'n oomblik stil by Jesus se oorwinningskreet aan die kruis en ons vra drie vrae:

a) WAT is volbring?
b) HOE is dit volbring; en
c) Vir WIE is dit volbring?

